SAKE VOLKSBLAD
Tuesday, 18 April 2006, p. 9

Môre se maatskappyreuse gradueer

■ FANIE VAN ROOYEN

PRETORIA. – Sewe maatskappye met 'n gekombineerde omset van R40 miljard ná net drie jaar van bestaan, het pas gegradueer as onafhanklike maatskappye nadat hulle deur die Maxum Business Incubator-program gehelp is om op die been te kom.

Dié program is 'n inisiatief van The Innovation Hub in Persequor Uitbreiding 10 in Pretoria wat gekeurde klein besighede help tydens die moeilikste tydperk van 'n entrepreneurskap – die eerste drie jaar – om volwaardige maatskappye te kan word.

"Net sowat 20% van entrepreneursbesighede in Suid-Afrika slaag daarin om die eerste drie jaar van besigheid te oorleef omdat dit so moeilik is om winsgewend te raak sonder om al jou kapitaal op te gebruik om die maatskappy uit te bou," het me. Jill Sawers, Maxum se bestuurder, tydens die gradueringseremonie gesê.

"In die moderne kompeterende sakewêreld is dit baie waardevol vir 'n onbekende handelsnaam om, in die beginstadiums van die pad na sukses, op die rug te kan ry van 'n bekende en reeds gevestigde handelsnaam. Dít is hoekom die Maxum Business Incubator gestig is."

Verlede week was volgens haar Maxum, wat in die jaar 2000 danksy



ME. JILL SAWERS, bestuurder van die Maxum Business Incubator-program van The Innovation Hub, in Pretoria, op die gradueringseremonie van die sewe maatskappye wat danksy die Maxum-program nou suksesvol en selfstandig is.
FOTO: FANIE VAN ROOYEN

'n Gautengse provinsiale toelaag gestig is, se eerste gradueringseremonie.

Die feit dat al sewe van die eerste maatskappye wat gekeur was, nou suksesvolle, onafhanklike, selfonderhoudende maatskappye is, getuig volgens haar van die sukses en noodsaaklikheid van 'n program soos Maxum in die moderne sakewêreld.

Deur aan die gekeurde klein besighede toegang te gee tot reeds gevestigde infrastruktuur, kantore, hulpbronne, tegnologie en voortdurende mentorskap, sien die Maxum-program toe dat dié besighede in 'n stimulerende omgewing kan groei wat hulle die beste moontlike kans op sukses kan verseker. Volgens Sawers het die program, wat nuwe besighede se kans op sukses opstoot na 83% toe, reeds 30 jong maatskappye aangeneem en altesaam 183 hoëwaardewerkgeleenthede geskep.

Prof. Nick Binedell, direkteur van GIBS wat as gasspreker opgetree het, het die sewe maatskappye gelukgewens en gesê programme soos Maxum kan verseker dat Suid-Afrika aan die voorpunt bly van entrepreneurskap en innovasie in die globale ekonomie.

"Julle is die punt van die spies en sonder entrepreneurs en innoverende denkers soos julle sal die Suid-Afrikaanse ekonomie en innovasie nie kan kompeteer met die moderne sakewêreld nie," het hy gesê.

Die sewe gegradueerde maatskappye, wat almal eers gekeur moes word volgens hul sakeplan, is Naledi3D Factory, Expertron, VAS-Tech, Automated Product Development (APD), Mohwiti Technologies, Spline Technologies (Pty) Ltd, en TCI Thoreb (Pty) Ltd.

"Hiérdie is môre se maatskappyreuse – die groot handelsname van die toekoms," het Sawers gesê.

Sake Volksblad
Petrol mik weer na R6 per liter